**Die Here maak Hom bekend as die Heilige**

**Num 20:1-13**

**15 Augustus 2021**

1. Num 20:1 – eerste maand van watter jaar?
    a. Num 20:22-24 – Aäron sterf by Horberg
    b. Num 33:38 – Aäron sterf in 40ste jaar na uittog
2. Gebeure by Kades (v2-13)
    a. Die volk kla oor hulle gebrek aan drinkwater, sou eerder wou sterf (v2-5)
    b. Opdrag van die Here: Moses moet Aäron se kierie neem, die volk bymekaar maak, met die rots praat, dan sal daar water uit die rots kom (v8)
    c. Aäron se kierie – kierie wat gebot het in Num 17 (v9)
    d. Moses praat nie met die rots nie, maar met die volk, slaan die rots twee keer – daar kom nogtans water uit die rots (v10-11)
    e. Die Here oordeel hulle het Hom nie geglo en geheilig nie – sal nie die volk in die beloofde land inlei nie (v12)
    f. Dit gebeur by Meriba (v13)
3. Tipiese toepassings uit Num 20:1-13
    a. T.p.v. herhaalde opstande deur die volk, bly die Here genadig en voorsien water
    b. Moses was nalatig, geïrriteerd, kwaad, teleurgesteld omdat die Here nie die volk ferm hanteer nie – waarskuwing aan leiers:
        i. 1 Kor 3:10 – bou op die fondament van apostels, dus Christus
        ii. Jak 3:1 – leermeesters word strenger geoordeel
    c. Maar daar is meer…
4. Vergelyking met gebeure by Refidim (Eks 17:1-7)
    a. Ooreenkomste: Volk maak rusie oor water, die Here gee opdragte, Moses moet kieries neem, voorsiening van water uit rots, beide word Meriba genoem
    b. Verskille:
        i. Eks 17: 1ste geslag; Num 20: 2de geslag
        ii. Eks 17: Moses se kierie gebruik by die Nyl; Num 20: Aäron se kierie wat gebot het
        iii. Eks 17: slaan die rots; Num 20: praat met die rots
    c. Nuwe Testament:
        i. 1 Kor 10:2-4 – Christus is die rots
        ii. Joh 7:37-39 – Heilige Gees is strome water
5. Interpretasie: Eks 17:1-17
    a. Die Here in beskuldigde bank: Is Hy werklik in hulle midde? (v7)
    b. Moses se kierie = instrument van oordeel
    c. Alhoewel volk skuldig is, word die rots geslaan, en water vloei uit rots
    d. Jesus dra die oordeel in volk se plek, en gee aan hulle Heilige Gees
6. Interpretasie: Num 20:2-13
    a. Aäron se kierie = simbool van hoëpriester wat ewige lewe werk
    b. Met rots praat – Jesus is eenmaal geoffer, hoef net te vra, dan gee Hy die Heilige Gees
    c. Moses se handeling lei tot verbod om volk in beloofde land te bring:
        i. Herhaalde houe dui verkeerdelik aan Jesus moet herhaaldelik sterf
        ii. Tas die beeld van die Here aan waardeur die Here wou wys hoe heilig Hy is